



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

14 Februarie 2021

Sondag van Verheerliking

Skrifgedeeltes: Mark 9:2-9, Op 1:10-19 en Kol 1:15-20

Tema: Kyk weer na Jesus

Die gevaar bestaan dat ons só by Jesus se menslikheid vassteek dat ons nie genoegsaam sy Goddelikheid in ag neem nie. Hierdie dag herinner ons dat Jesus van Nasaret inderdaad die Seun van God is, aan wie alle mag gegee is.

Ek glo ...

Só glo ons oor Jesus (NGB Art 10)

Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid en in alles aan Hom gelyk. Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuïenisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem. Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het. So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: "Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid", en sê die apostel: "Hy is sonder begin van dae of lewenseinde". Hy is dus ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

Ons Program

Vandag: Verheerlikingsondag

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Deuroffer:** ENGO
- **Tee en verversings** ná die erediens. Julle kan dit in die voorportaal kry en

buite onder die bome geniet. Baie dankie aan Annamarie Dercksen en die Vrouebediening hiervoor.

Dinsdag

Kerkraadvergadering om 18:00 in die kerk.

Woensdag: Aswoensdag

- **Stilworddiens** 18:00 in die kerk.

Volgende Sondag: Eerste Sondag in Lydenstyd

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Deuroffer:** CLF
- **Sondagskool** begin weer ná die erediens.


Dinsdag 23 Februarie

- **Bybelskool** om 18:00-19:00 in die kerksaal: Bybelstudiemetodes en hulpmiddels. Almal is welkom. Bring net jou Bybel en 'n skryfding saam asb.



Bybellees-program

- Ons lees tans **die boek Spreuke**, een hoofstuk op 'n dag. Vandag lees ons Spr 20. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).



Wêreldbiddag vir Vroue: Vrydag 5 Maart

- Biduur om 10:00 in die kerk, gelei deur Elmien Thom. Tema: *'n Lewe gebou op 'n vaste Rots*. Dis 'n groot geleentheid elke jaar. Kom asseblief en bid saam met vroue die wêreld oor. Daar sal 'n verversinkie ook wees.

Allerlei

Dolering

Julle is bewus daarvan dat die kerkraad besluit het om te doleer (te treur) oor die toestand in die NG Kerk. Dit is op die spits gedryf deur die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslag-verhoudings. Ons het ons besluit en kommer aan die Ring, Sinode en Algemene Sinode oorgedra, en sedertdien ook opgehou om ons pro-rata's (sinodale aanslag) te betaal.

Daar is nou lidmate wat wonder wat van dié saak geword het, en of ons nie maar net die besluit geneem het om mense te paai nie. Ek wil daarom graag die volgende opmerkings hieroor maak: Ek was in kontak met die Moreletapark Kairos Netwerk wat saam dink oor die


ons doleer



pad vorentoe. Dit was ongelukkig nie 'n goeie ervaring nie. Ek het nie 'n gesindheid van treur beleef nie, maar eerder veglustigheid en selfs woede. Ek dink nie dit is die pad vorentoe nie, veral nie as ons oogmerk is om die verskeurdheid in die kerk te heel nie.

Intussen maak ek kontak met die 15 ander gemeentes in die Vrystaat wat ook gedoleer het, sodat ons saam kan besin oor die pad vorentoe. My persoonlike mening is dat dit wat by die Vrystaat Sinode later vanjaar gepraat en besluit word, vir ons 'n duidelike aanduiding sal gee oor ons eie posisie as gemeente. Ons móét daar ons stem laat hoor en saam met die Vrystaatse Kerk God se leiding soek, nie in 'n gesindheid van woede nie, maar in ootmoed en gebrokenheid.

Jaco Thom



Ons eie gemeente-toep (app)

Jy kan nou NG Kerk Petrusburg se toep vir jou slimfoon aflaai by die Playstore of die App Store. Soek **NG Kerk Petrusburg**, laai af, installeer en registreer, en siedaar! Dis heeltemal gratis. Jy kan die hoofstuk van die dag, die erediensvideo's en nog meer daar kry. Ook kennisgewings.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie

14 Hansie Coetzee, Christiaan Diedericks, Annelien Naudé

15 Hannelie Diedericks, Jan van Loggerenberg

16 Sarah de Wet, Jan Hugo

17 Hennie Wessels

18 Betsie Deysel

19 Albertus du Preez



Huweliksherdenkings

Februarie

19 Wikkie & Telulah Meyer (52j)

Dink spesiaal aan:

- **Marius Stander** (herstel ná ernstige trekker-ongeluk)
- **Meisie Moolman** (opgeneem in hospitaal vir longe en rug)

- **Kobus Moolman** (positief getoets vir Covid-19)
- **Meisie Ferns** (2 are hartomleiding Maandag)
- **Nic Cloete** (in harteenhied)

Biddende Hande



Gebede vir HERLEWING...

Wanneer het ons herlewning nodig?

Wanneer daar 'n tekort aan broederliefde en onderlinge vertroue tussen belydende Christene is, is herlewning nodig. Dan is daar 'n behoefte dat die Here sy werk sal laat herleef. Wanneer Christene terugval, het hulle nie die liefde en vertroue teenoor mekaar wat bestaan wanneer hulle lewendig en aktief is en heilige lewens lei nie. Hulle doen uit pligsbesef nog goed aan mekaar, maar verbly hulle nie meer in mekaar nie. **Gebed:** *Here, U sê in U Woord: "Wie sy broer liefhet bly in die lig, en daar is niks wat hom sal laat struikel nie." Help ons om mekaar met nederigheid en saggeardheid, en met geduld in liefde te verdra. Help ons, o Heilige Gees, om die eenheid wat U tussen ons gesmee het, te behou deur in vrede met mekaar saam te leef. Amen.*

Sake vir voorbidding:

- Dank die Here vir die voorreg van **gemeenskap van gelowiges**.
- Dank die Here vir **skole** wat na 'n lang onderbreking weer kan begin. Bid vir onderwysers en leerders se beskerming en wysheid om hierdie jaar met oorgawe te kan aanpak.
- Bid dat die Here ons bewus maak van die **behoefes van mense** wat ons nodig het, en ons gewillig maak om iets daaraan te doen.
- **24/7 Gebedswag:** 15-20 Februarie. Tema: *Sweefsoos 'n Arend*. "Vrede kom nie as die storm bedaar nie. Vrede kom wanneer jy weet God is by jou." (Mark 4:35-41)

Biddende Hande word deur Lulu Hugo behartig. As daar enige sake is waarvoor jy gebed verlang, kontak haar gerus by 083 309 7277 of lulu.hugo@yahoo.com

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		